# Suid-Afrikaanse Komponiste

## deur F. KOEKEMOER

### II—S. LE ROUX MARAIS

DIE komponis S. le Roux Marais U.T.L.M., A.R.C.M., is gebore in die distrik Bloemfontein. Sy jongelingsjare het hy op Daljosaphat, Wellington, en Stellenbosch deurgebring.

Op agtjarige leeftyd het hy met sy musieklesse begin en reeds tydens sy skooljare musiek as sy toekomstige loopbaan beskou. Hierdie gedagte het hom dag na dag aangespoor en hy het homself dikwels ooreis ten einde 'n sukses van sy besluit te maak.

In 1914 vind ons hom in Bloemfontein waar hy sy studies in musiek drie jaar lank onder leiding van P. K. de Villiers voortsit.

In 1918 is hy na Kaapstad waar hy sy lisensiaat aan die Suid-Afrikaanse Kollege van Musiek verwerf het. In dieselfde jaar maak hy sy eerste geslaagde komposisie, die liedjie: „Slaap deuntjie" (No. 100, F.A.K.-Bundel), en verskeie ander komposisies, o.m. toonsettings van Engelse gedigte, soos bv. „Autumn Leaves" en „Daybreak," albei deur Longfellow.


Nadat hy sy studies in Kaapstad voltooi het, is hy na Londen waar hy aan die Royal College of Music studeer het. Hier het hy àl meer onder die indruk gekom van die wye veld wat die studie van die musiek werklik dek en elke oomblik van sy tyd aan die bemeestering van sy vak gewy. Hierdie toegewyde arbeid is bekroon toe hy die A.R.C.M.-diploma verwerf het.

Sy studiejare in Londen kenmerk egter nie 'n periode van komposisie nie, omdat hy homself meer op voorbereiding toegelê het. Een en ander van sy komposisies het nietemin wel die lig gesien, maar word as minder belangrik beskou.

Die bekendheid wat Marais op die gebied van Afrikaanse komposisies verwerf het, is te danke aan die Kaapstadse Afrikaanse Eisteddfod. Sy komposisie „Die Roos," was 'n baie geslaagde werk en het as gevolg gehad dat hy die eerste prys in hierdie afdeling behaal het. Dit het hom geïnspireer en meer as ooit tevore is hy nou besiel met sy roeping. 'n Hele aantal jare lank het hy keer op keer meegeding in die kunswedstryde met suksesvolle resultate, sodat hy sowat een-en-twintig diplomas, 'n silwerbeker en -medalje verower het. Op een na het al sy werke wat ingeskryf is vir die kunswedstryde in druk verskyn.

Sy verskillende komposisies het mekaar vinnig opgevolg en was van 'n uiteenlopende aard: onder meer het hy komposisies geskryf vir kore, orrel en viool. Sommige van sy werke het reeds 'n derde druk beleef, soos bv. „Heimwee," en „Die Roos."

Sy bekendste werke is „Die Roos," „Heimwee," „Die Letaba," „Helde Rus," „Matrooslied," en die pragtige liedjie vir jongmense, „Kom dans Klaradyn." Die volgende is 'n paar van sy ander werke: „Vyf Kunsliedere," „Ses Kunsliedere," „Bosveld-toe en ander Liedere," „Drie Gewyde Koorstukke," „Voortrekkerlied," en „Vier Afrikaanse Sangstukkies."



*S. le Roux Marais.*

Meneer Le Roux Marais, wat tans op Graaff-Reinet werksaam is, het ook twee operettes geskryf wat binnekort uitgegee sal word. Dit is twee geslaagde werke wat waarskynlik groot byval sal vind.

S. le Roux Marais is eèn van ons bekendste komponiste en musiekonderwysers en as orrelis-stel hy 'n lewendige belang in die afrigting van kerkkore.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012